| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | EKONOMIE |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 14 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord **VIER** vrae soos volg in die **ANTWOORDBOEK:**

    **AFDELING A: VERPLIGTEND**
    **AFDELING B**: Beantwoord **TWEE** van die drie vrae.
    **AFDELING C**: Beantwoord **EEN** van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde wat die vereiste aantal oorskry, sal **NIE** nagesien word nie.

3. Dui duidelik aan die begin van ’n vraag die nommer van die gekose vraag aan, byvoorbeeld **VRAAG 2.**

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

5. Lees die vrae aandagtig deur en begin **ELKE** vraag op ’n **NUWE** bladsy.

6. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

7. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

8. Skryf netjies en leesbaar in slegs **BLOU** ink.

© SACAI KOPIEREG

## AFDELING A

**VRAAG 1: VERPLIGTEND** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

**1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

**Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer byvoorbeeld 1.1.9 C ens.**

1.1.1 Die storting van afvalmateriaal in die omgewing staan bekend as …

A herwinning.
B sanitasie.
C by-produkte.
D besoedeling.

1.1.2 Marginale inkomste is ’n verandering in inkomste vanaf die … van ’n bykomende eenheid van ’n produk.

A produksie
B verkoop
C voorraad
D gebruik

1.1.3 ’n Metode wat gebruik word om die totale sosiale koste en voordele van alternatiewe projekte te vergelyk, staan bekend as ...

A koste-voordeel-analise.
B SWOT-analise.
C begroting.
D doeltreffendheidsanalise.

1.1.4 ’n Deurlopende styging in pryse van ’n wye reeks produkte oor ’n tydperk staan bekend as …

A werkloosheid.
B deflasie.
C verbruikersprysindeks.
D inflasie.

1.1.5 Om alle koste en voordele van ’n projek te kwantifiseer, beteken om … vir die projek.

A ’n numeriese waarde aan te heg

B bereken

C ’n verhouding uit te druk

D spekuleer

1.1.6 Besoeke aan museums, kunsgalerye en argeologiese terreine word … toerisme genoem.

A eko

B ontspanning

C kulturele

D besigheid

1.1.7 In ekonomie verwys die term 'korttermyn' na ’n tydperk waar produksiefaktore … is.

A veranderlike

B vasgestel

C beide veranderlik en vas

D marginaal

1.1.8 Toerisme het die grootste uitwerking op die … sektor.

A vervoer

B dienste

C produksie

D vervaardiging (8x2) (16)

## 1.2 PASITEMS

**Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat by ’n item in KOLOM A pas.**
**Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer.**

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Samespanning | A | Lewenswyses wat deur tradisionele mense gebruik word om ’n bestaan in ’n bepaalde omgewing te maak. |
| 1.2.2 | Inheemse kennisstelsels | B | ’n Markstruktuur waarin alle maatskappye identiese produkte verkoop. |
| 1.2.3 | Nie-mededinging | C | ’n Reëling tussen besighede met die doel om mededinging onderling te beperk. |
| 1.2.4 | Swartmark | D | Besoeke aan ’n land deur individue wat nie inwoners van daardie land is nie. |
| 1.2.5 | Produsenteprysindeks | E | Produk of diens wat elke lid van ’n samelewing vryelik kan verbruik sonder om die beskikbaarheid daarvan vir ander te verminder. |
| 1.2.6 | Homogene produk | F | Die algemene prysvlak toon ’n aanhoudende daling. |
| 1.2.7 | Sosiale koste | G | Meet pryse op die eerste vlak van ’n beduidende kommersiële transaksie. |
| 1.2.8 | Inkomende toerisme | H | ’n Onwettige mark waarin onwettige goedere gekoop en verkoop word of onwettige pryse gehef word. |
| | | I | ’n Verhoging in loonvlakke. |
| | | J | Produk het dieselfde fisiese eienskappe en kwaliteit as soortgelyke produkte van ander verskaffers. |
| | | K | Privaat koste plus eksterne koste. |

(8x1) (8)

**1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer.**

**(AFKORTINGS, AKRONIEME EN VOORBEELDE SAL NIE AANVAAR WORD NIE.)**

1.3.1 Eksklusiewe beheer van ’n kommoditeit of diens in ’n spesifieke mark.

1.3.2 ’n Lisensie wat aan besighede gegee word om tot ’n sekere mate te besoedel.

1.3.3 Die instelling wat ’n bevel uitreik oor aangeleenthede wat deur die mededingingskommissie aan hom voorgelê word.

1.3.4 ’n Kombinasie van hoë vlakke van inflasie, lae ekonomiese groei en hoë werkloosheidsvlakke.

1.3.5 ’n Landmerk of gebied wat deur die Verenigde Nasies gekies word ’n omdat dit universele betekenis dra.

1.3.6 Die werklike koste wat ’n verbruiker betaal wanneer ’n produk gekoop word. (6x1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

## AFDELING B

Beantwoord enige **TWEE** van die drie vrae uit hierdie afdeling in die **ANTWOORDBOEK.**

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE kenmerke van volmaakte markte. (2x1) (2)

2.1.2 Waarom word merietegoedere normaalweg deur die mark ondervoorsien? (1x2) (2)

2.2 Bestudeer die volgende prent en beantwoord die vrae wat volg:




*[Bron: Google prent]*

2.2.1 Identifiseer die markstruktuur wat deur die logo's hierbo uitgebeeld word. (1)


2.2.2 Noem die tipiese aanvraagkromme vir die mark hierbo. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *kartel.* (2)

2.2.4 Wat kan vervaardigers doen om hul markaandeel te vergroot sonder om prysmededinging te gebruik? (2)

2.2.5 Bespreek die redes waarom volmaakte mededinging meer voordelig is vir verbruikers as ’n monopolie. (2x2) (4)

2.3 Bestudeer die volgende grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




*[Bron: http://www.sanandres.esc.edu.ar]*

2.3.1 Identifiseer die punt op die grafiek wat die markprys illustreer. (1)

2.3.2 Noem die tipe regeringsingryping wat in die grafiek hierbo geïllustreer word. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *minimum pryse.* (2)

2.3.4 Interpreteer die rede vir die surplus soos aangedui op die bostaande grafiek. (2)

2.3.5 Waarom stel die regering minimumpryse in op sekere produkte? (2x2) (4)

2.4 Bespreek die rol van die *Mededingingskommissie* en die *Mededingings-appèlhof* wat betrokke is by die mededingingsbeleid van Suid-Afrika. (2x4) (8)

2.5 Evalueer die negatiewe impak van samespanning op die ekonomie. (4x2) (8)

**[40]**


**VRAAG 3: HEDENDAAGSE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van pryse wat deur die Suid-Afrikaanse regering beheer word. (2x1) (2)

3.1.2 Wat het gebeur met binnelandse toerisme ná die Covid-19-pandemie? (1x2) (2)

3.2 Bestudeer die volgende spotprent en beantwoord die vrae wat volg.




*[Bron: www.fact retriever.com]*

3.2.1 Identifiseer die omgewingsbekommernis wat in die spotprent hierbo geïllustreer word? (1)

3.2.2 Noem EEN oorsaak van aardverwarming. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *bewaring.* (2)

3.2.4 Bespreek die belangrikheid daarvan om groen belasting op besoedelende stowwe te hef. (2)

3.2.5 Verduidelik die maatreëls wat getref kan word om emissies wat veroorsaak word deur die verbranding van fossielbrandstowwe te verminder. (2x2) (4)

3.3 Bestudeer die volgende artikel en beantwoord die vrae wat volg.

**VERANDERINGE IN BRANDSTOFPRYSE IS HIER OM TE BLY**

Die Departement van Energie het aangekondig dat die petrolprys vanaf 1 Junie met 0,52c per liter sal styg, diesel met 0,76c per liter en paraffien met 0,62c per liter.

Die departement se Robert Maake sê, "Die hoofredes vir hierdie stygings sluit in die hoë ruoliepryse en die depresiasie van die rand teenoor die Amerikaanse dollar.

Dit is die tweede prysstyging in die bestek van 'n maand, aangesien petrol met 0,12c per liter gestyg het, terwyl diesel tussen een en twee sent per liter gedaal het, en verligtingsparaffien op 4 Mei 2023 met 0,09c per liter afgeneem het. .

*[Bron aangepas uit: Eyewitness News]*

3.3.1 Identifiseer die instelling wat die maandelikse verandering in brandstofpryse aankondig. (1)

3.3.2 Noem EEN rede vir die maandelikse veranderinge in brandstofpryse. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *hiper-inflasie.* (2)

3.3.4 Verduidelik die rede waarom brandstofheffings as 'n gewilde bron van inkomste vir regerings beskou word? (2)

3.3.5 Bespreek die impak van brandstofprysstygings op die inflasiekoers. (2x2) (4)

3.4 Onderskei tussen *grond- en lug besoedeling.* (2x4) (8)

3.5 Evalueer die voordele van internasionale toerisme vir die Suid-Afrikaanse regering. (4x2) (8)

**[40]**

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN HEDENDAAGSE EKONOMIESE KWESSIES**

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van veranderlike koste. (2x1) (2)

4.1.2 Hoe kan chemiese besoedeling landbougrond negatief beïnvloed? (1x2) (2)

4.2 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




*[Bron aangepas uit: Internet prente]*

4.2.1 Identifiseer die tipe toerisme wat in die prentjie uitgebeeld word. (1)

4.2.2 Noem EEN rede waarom toeriste na Suid-Afrika gelok word. (1)


4.2.3 Beskryf kortliks die term *toeris.* (2)

4.2.4 Verduidelik die positiewe bydrae van inheemse kennis vir toerisme. (2)

4.2.5 Bespreek die voordele van toerisme op besighede. (2x2) (4)

4.3 Bestudeer die volgende grafiek en beantwoord die vrae wat volg.

**VOLMAAKTE MARK: LANG TERMYN EKWILIBRIUM**




*[Bron: Google prent]*

4.3.1 Identifiseer punt $E_1$ in die bostaande grafiek. (1)

4.3.2 Noem die vraagkromme in die bostaande grafiek. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *gemiddelde inkomste.* (2)

4.3.4 Verduidelik die rede waarom marginale inkomste gelyk is aan gemiddelde inkomste in ’n perfekte mark. (2)

4.3.5 Bereken die wins in die bogenoemde mark. Toon alle berekeninge. (2x2) (4)

4.4 Verduidelik met behulp van ’n grafiek die rede vir ’n tekort in produksie vir produkte met ’n positiewe eksternaliteit. (2x4) (8)

4.5 Evalueer die regering se bydrae tot inflasie. (4x2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: [80]**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN vraag van die TWEE vrae in die **ANTWOORDBOEK.**

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTETOEKEN-NING |
|---|---|
| **Inleiding**<br><br>Die inleiding is 'n laerorde-antwoord.<br>• 'n Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou,<br>• te definieer of te omskryf.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding by die liggaam herhaal NIE.<br>• MOENIE in die inleiding noem wat jy in die liggaam gaan bespreek NIE. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br><br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in detail / Diepgaande bespreking / Ondersoek / Bespreek krities / Analiseer / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Differensieer / Verduidelik / Assesseer / Debatteer<br>**'n Maksimum van 8 punte kan vir opskrifte/voorbeelde toegeken word.**<br><br>**Addisionele deel:** Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Lei af / Vergelyk / Onderskei / Stel voor / Interpreteer / Debatteer / Hoe?<br><br>**'n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.** | Maks. 26<br><br><br><br><br><br>Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking**<br><br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• 'n Kort samevatting van wat alreeds bespreek is, sonder die herhaling van feite wat reeds genoem is<br>• Enige mening/opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Addisionele ondersteuningsinligting wat die bespreking/ontleding versterk<br>• 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien vereis<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Ondersoek die monopolie as ’n markstruktuur. (26)
- Evalueer die sukses van die Mededingingswet om billike mededinging te bevorder. (10)

**[40]**

**OF**

**VRAAG 6: HEDENDAAGSE EKONOMIESE KWESSIES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die gevolge van vraagtrekinflasie volledig. (26)
- Evalueer die bydrae van toerisme tot vraagtrekinflasie. (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: [40]**

**GROOTTOTAAL: [150]**

© SACAI KOPIEREG